NG Elarduspark | 13 Julie


www.ngeladuspark.org.za

# WEEKLIKS

2025

012 345 1144
kerkkantoor@ngelarduspark.org.za















**FOTO'S: 4 Julie 2025 | Ons loof en prys die Here met al ons talente by Sout & Lig Lof!**

## VAKANSIE-AKTIWITEIT

Dit is vakansie! Wat is lekkerder as om saam met jou gesin of jou maats 'n lekker aktiwiteit te doen – hier is 'n idee: maak jou eie instrument soos 'n "shaker", drom of klokkie en stuur vir ons 'n foto na: 060 988 7311. Jy kan dit ook op sosiale media plaas met "#vakansiemusiek" – "tag" gerus NG Elarduspark. Ons kan nie wag om julle kreatiwiteit te sien nie!

## BIDSTOP:

Here, maak my vandag opnuut bewus van die volgende:
"Praat ek mense engele tale maar dit is nie uit liefde nie, is my woorde hol simbole, klanke sonder melodie? Al kan ek geheime uitlê, berge deur geloof versit, of al het ek al die kennis, sonder liefde is ek niks." Mag ek leef met 'n melodie in my hart en liefde vir ander. Amen.

**TEKS: 1 KORINTIËRS 13: 1-7**

# DANKOFFERS

Tjekrekening: 1500580174
Takkode: 631245
Verwysing: Dankoffer

SnapScan

Skandeer hier om by te dra

zapper™

Skandeer hier om by te dra

# EREDIENSTYE


**13 - 20 JULIE**

**09:00:** Erediens in kerkruim + aanlyn erediens.
***Geen*** *Sout & Lig Kinders, Veranderdiens of Dieper Delf nie.* (**SKOOLVAKANSIE**)
**14:00:** Afrikatale-erediens

**27 JULIE**

**08:00 & 10:00:** Erediens in kerkruim + aanlyn erediens.
**08:00 & 10:00:** Sout & Lig Kinders
**14:00:** Afrikatale-erediens
**17:00:** Veranderdiens
**18:00:** Dieper Delf

# AFKONDIGINGS




## SOP EN SJERRIE VROUE-KUIERAAND

Kom kuier en gesels saam op 30 Julie 18:00-21:00 tydens 'n lekker sop en sjerrie vroue-kuieraand! Ons gaan ook leer om lekker cupcakes te versier.
Kostes behels R150 per persoon. Skryf in teen 28 Julie deur op die prent links te klik of ons webwerf te besoek. Vir enige navrae kontak:

**Maartje** 072 375 3965

**Hester** 082 820 4919
hester.spengler@gmail.com




**Sondag 27 Julie 18:00-19:00 begin ons met 'n nuwe Dieper Delf reeks.**

**Tema: Oë wat sien: Openbaring in konteks.**

Hierdie 8-weke kursus deur prof Chris de Wet neem jou op 'n reis deur die boek Openbaring – nie as 'n raaiselagtige profesie van die toekoms nie, maar as 'n kragtige getuienis in die lig van sy oorspronklike historiese konteks. Ons gaan ontdek wat Openbaring vir die eerste Christene beteken het, en hoe dit steeds vandag 'n profetiese en hoopvolle boodskap het vir gelowiges wat leef tussen lyding en oorwinning.

# AFKONDIGINGS

## HUWELIKSVOORBEREIDING



### AANDAG ALLE VERLOOFDES!

Ons huweliksvoorbereiding begin weer Woensdagaand 30 Julie 2025, vir vyf Woensdagaande. Ons gesels oor belangrike boustene vir 'n gesonde huwelik. Dit kos R300 per paartjie vir die kursus. Kontak Lieze Meiring voor 23 Junie om jul plek te bespreek: lieze@ngelarduspark.org.za



## DOOPKURSUS

Ons volgende Doopkursus vind plaas op Donderdae 31 Julie, 7 en 14 Augustus om 19:00 in die Blousaal.

Gee julle name deur aan Sonya by kerkkantoor@ngelarduspark.org.za

## VRYWILLIGE BARISTA-OPLEIDING



Word deel van die Koffiebediening wat elke Sondagoggend spesialiteitsdrankies na die erediens maak. Kom woon ons gratis vrywillige Barista-Opleiding by Saterdag 2 Augustus 09:00 tot 11:00 hier by die kerk.

**Wat Leer ons maak:** Espresso-drankies, om melk te stoom, Freezo's en warm sjokolade.

Enige iemand is welkom.

Bespreek voor of op 31 Julie '25.

Kontak Hannelie: koffie@ngelarduspark.org.za of klik op die prent regs om in te skryf.

# AFKONDIGINGS




## NATANIËL IN CONCERT

Kom geniet Nataniël in Concert saam met ons op 15 Augustus as deel van ons 50 jaar vieringe! Soos Nataniël sal sê, "vyftig bly steeds jonk!". Hierdie heerlike konsert bestaan uit splinternuwe stories in Nataniël se unieke styl, asook musiek, oud en nuut, bekend, immergroen en oorspronklik. Verhale, humor, waarhede en wyshede, vrae en antwoorde, deernis en bluf, geskiedenis en mites – al die elemente van 'n kuier saam met Nataniël. 'n Móét vir die fynproewer! Hy deel die verhoog met Steinway-pianis, Charl du Plessis.
**Klik op die prent links om jou kaartjies te bespreek of besoek ons webwerf onder "nou".**

## VROUEKAMP

Ons is baie opgewonde oor hierdie jaar se vrouekamp en nooi jou uit om saam met ander vroue God se teenwoordigheid in jou lewe te ontdek.

**Datum:** 5-7 September 2025
**Plek:** Deales Rock | Bronkhorstspruit
**Tema:** Ken die ritme van Sy hartklop
**Kostes:** R1500 vir die naweek en dit sluit al die etes in.

Klik op die prent regs op jou plek te bespreek.




## CMR

HET JY GEWEET JY KAN JOU DONASIE AAN DIE CMR ELARDUSPARK VAN JOU BELASTING TERUGEIS?

Op dié manier kan jy "omgee" ondersteun. Die CMR-kantoor is 'n belangrike komponent van ons gemeente se Barmhartigheidsdiens wat na ons gemeenskap uitreik. Dit is 'n geregistreerde nie-winsgewende organisasie, en 'n Artikel 18(a) sertifikaat kan uitgereik word vir belasting-doeleindes. Jy kan 'n eenmalige donasie, of 'n gereelde bydrae maak. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na: cmr@ngelarduspark.org.za. Laat weet ons ook per e-pos indien jy 'n betaling gemaak het.
Die CMR se bankbesonderhede: Christelike Maatskaplike Raad Elarduspark
Standardbank | Tjekrekening no: 411235109 | Verwysing: Naam, van + 18 (a)

# AFKONDIGINGS

## ONDERSTEUNING IN 'N TYD VAN ROU



Het jy 'n geliefde verloor? Sukkel jy om weer vorentoe te leef? "GriefShare" is 'n ondersteuningsgroep waarby jy kan baat. Ons kyk na video's oor verskillende onderwerpe rakende rou en die groep gesels oor hulle belewenis en ervaring van rou. Om te rou is 'n proses en nie 'n eenmalige gebeurtenis nie. Daarom stap ons 'n pad saam met jou oor 'n periode van 13 weke.

**Datum:** Vanaf Dinsdag 19 Augustus 2025 vir 13 weke elke Dinsdagoggend 09:00 - 11:00 in NG Elarduspark se Moederskamer.


**Koste:** R300-00 (wat handleiding insluit).

**Registrasie en betaling:** Alida Keet, CMR-kantoor (012 345 1144)

Registrasie sluit op Dinsdag 12 Augustus 2025.

**Fasiliteerder:** Kenau Swart.

Vir verdere besonderhede kontak Kenau (082 357 6643)



## OPLEIDING IN BASIESE GESONDHEIDSORG

Die 3-dag opleiding in **Basiese Gesondheidsorg** word weer op 12, 13 & 14 Augustus 2025 aangebied.

Die kursus bemagtig mense met kennis en vaardighede rakende basiese gesondheidsaspekte, met die fokus op die ouer- /bejaarde persoon of pasiënt. Persoonsvaardighede wat van 'n versorger verwag word, word ook hanteer. Die kursus beklemtoon praktiese uitvoering van take. Daarom word 'n maksimum van slegs 8 persone per opleidingsessie geakkommodeer.

**Kontak** Alida Keet (CMR-kantoor, 012 345 3411) of Kenau Swart (082 357 6643) vir verdere inligting en 'n registrasievorm.

**Registrasiefooi:** R450-00 per persoon wat leermateriaal en ligte verversings insluit.

# AFKONDIGINGS

## ROUSMART

Die gemeente betuig hul innige simpatie teenoor:

- Johan, Retha, Henk en Gretha Veldsman, met die afsterwe van Johan se Pa, Johannes Hendrik Veldsman (Vellies), 30 Junie 2025. Sy roudiens was Donderdag, 10 Julie om 10:00 uit NG Kerk Elarduspark.
- Ranata Geldenhuys en familie met die afsterwe van haar eggenoot oom Klasie. Hulle is van Sunrise View.

## GEBEDSLYS

Gail Horak
Magda Nieuwoudt
Susan van Loggerenberg
Pierre van Jaarsveld
Antoinette Venter
Alfred Möller

Hettie Penwarden
Cheryl Robinson
Nic en Frieda Janse van Rensburg
Natasha van der Linde
Jan en Monica Fourie

Amanda van Eck
Antoinette Beyer
Zelda Brits
Natasha vd Linde

***Om name op die lys te plaas, kontak vir Sonya by die kerkkantoor 012 345 1144 .***



# ADVERTENSIES







## AWEH Travel & Tours




Veilige, gemaklike vervoer van u huis na die lughawe, of enige ander bestemming, teen uiters billike tariewe.

Johan de Klerk
082 889 7880